Bybelstudie: Hebreërs 1:5-14

Ons beweeg nou verder na Jesus Christus se verhewenheid bo die engele, bo Moses, Josua, Aäron en die priesters, en ook sy verhewenheid bo die ou verbond.

1. Wat kom in jou gedagtes op as die Bybel van ***engele*** praat?

_____

_____

2. Lees Daniël 9:20-23. Wat is die doel van die engel hier? Watter ander werke het engele nog? (Openb 12:7; Ps 91:11

_____

_____

3. ’n Mens verstaan eers Hebr 1:6 as jy die volgende weet. Die Hebreërs het engele as baie belangrik gesien. Hulle het Genesis 1:26 byvoorbeeld so verstaan dat God daar nie met Homself beraadslaag het voor Hy die mens geskep het nie, maar dat Hy met die engele beraadslaag het. Sommige Rabbi’s het geglo dat daar vir elke ding op aarde ’n engel is. ’n Engel vir dou en een vir gras en vir dae en maande. Behalwe die name van die engele wat in die Bybel vir ons geleer word, het hulle ook ander name vir hierdie engele waarin hulle geglo het, gegee. Die gevolg was dat hulle die engele vereer het. Jesus is egter bo alle hemelwesens verhewe, want hulle moet Hom aanbid.
4. ’n President of koning word aangewys. Wanneer kan so iemand eers regtig as president of koning begin optree?

_____

5. Lees nou Psalm 110:1,2. Hoe word hierdie koning ingehuldig?

_____

_____

6. Wat gebeur gewoonlik in ons leefwêreld wanneer ’n koning / president soortgelyke mag kry? (Mat 20:25,26)

_____

7. Hoe verskil ons Koning van bogenoemde regeerders?

_____

_____

8. Wat is jou reaksie teenoor hierdie Koning?

_____

_____

9. Kan ons maar ligtelik omgaan met ’n Koning wat so ’n gesindheid het? (Vgl Ester 4:11)

_____

_____

Aantekeninge by Hebreërs 1:5-14

1. Ons lees baie in die Bybel van mense. Dit is egter net by buitengewone geleenthede dat die Here engele gebruik om Homself bekend te maak. Ons dink daarom gewoonlik dat engele baie belangrik is. (Voeg hierby volgens eie insig.)
2. Gabriël is God se boodskapper. Migael is God se leerowerste (Openb 12:7). Engele word ook deur God gestuur om sy kinders te dien.
3. Die Hebreërs het engele as baie belangrik gesien. Hulle verstaan byvoorbeeld Gen 1:26 so dat God daar nie met Homself beraadslaag voor Hy die mens skep nie, maar dat Hy met die engele beraadslaag. Sommige Rabbi's het geglo dat daar vir elke ding op aarde 'n engel is. 'n Engel vir dou en een vir gras en vir dae en maande. Behalwe die name van die engele wat in die Bybel vir ons geleer word, het hulle ook ander name vir hierdie engele waarin hulle geglo het, gegee. Die gevolg was dat hulle engele vereer het.
4. Na die inhuldiging.
5. Die Psalm begin met: "Die Here het vir my koning gesê.." In die oorspronklike taal kom die woord wat met "gesê" vertaal word, net hier in die Psalms voor. ***Gesê*** kan ook so verduidelik word: ***'n Goddelike verklaring***: "Kom sit aan my regterhand...." Die Koning reik dus 'n verklaring met besondere gesag uit dat iemand aan sy regterhand moet kom sit.
   Hier is ook simboliek in, want dit is God se regterhand wat red (Ps 18:36) en wat veroordeel (Ps 21:9). Jesus (self God) is simbolies ook die regterhand van God wat die vyand – die dood – aan die kruis en in die graf oorwin het!
   Ons het hier eerstens met 'n gewone koning te maak, maar in die verklaring wat God maak, styg hierdie aankondiging uit bo 'n gewone koning. Dit is met ander woorde profetiese woorde oor díe Koning, Jesus Christus. Hy word dan deur 'n verklaring van God tot Koning verklaar. Hy word nooit verkies nie, en kan dus nooit sy gesag verloor nie.
6. Eie antwoord.
7. Eie antwoord.
8. Eie antwoord.
9. Wêreldse konings het die mag gehad oor lewe en dood, dit geld egter net vir hierdie lewe. Jesus Christus as ewige Koning het egter die mag oor die ewige lewe en die ewige dood. Die feit dat Hy na sy selfopoffering aan die kruis die troon bestyg, het tot gevolg dat hulle wat nie hierdie liefdesdaad van Hom gelowig hulle eie maak nie, ewig verlore sal gaan.
   Vir ons wat deur die Gees se krag gelowig aan Hom vashou, bring dit egter 'n lewe en belewenis wat so groot en wonderlik is, en sal wees, dat dit alles wat ons, ons nou kan indink ver sal oortref.